**Dinsdag 12 April**

**Skrifgedeelte: Romeine 8:31-39; HK Sondag 10, Antwoord 28**
**Fokusgedeelte: Romeine 8:38, 39**

## Vir die toekoms vertrou ons op God

Die geloof dat God in sy voorsienigheid alles onderhou en regeer, gee aan ons hoop vir die toekoms. In die onbekende toekoms wat voor ons lê, kan so ontsettend baie dinge gebeur. Ons eie land word deur plaasmoorde, verkragtings, motorkapings en korrupsie geteister. Die Bybel laat ons ook nie in die duister oor die dinge wat daar aan die einde van die dae oor die wêreld sal kom nie. Veral die boek Openbaring toon aan dat die komende tye vir die gelowiges nie dae van sonnige vreugde sal wees nie, maar veel eerder donker dae van angs en vervolging.

Wie egter gelowig die hoop vestig op Hom wat op sy hemeltroon sit en daarvandaan alles regeer, gaan moedig die donker toekoms tegemoet en sê in die geloof: Wat ook al gebeur, niks sal my van God se liefde skei nie. Ons bely immers dat "alle skepsels so in sy hand is dat hulle sonder sy wil hulle nie kan roer of beweeg nie". Vir die toekoms het ons nie maar net 'n vae optimistiese verwagting nie, maar 'n vaste vertroue op God wat altyd betroubaar is. Vir die toekoms het ons verder 'n diepgewortelde hoop wat nie beskaam nie (Rom. 5:5), waarvan die Hebreërbrief (6:19) sê: "*Hierdie hoop besit ons as 'n veilige en onbeweeglike lewensanker wat agter die voorhangsel vas is*." Die hoop gryp dus aan Jesus Christus Self vas (6:20). Daarom weet ons dat God ons om Christus ontwil sal vashou en in lewe en in sterwe bewaar.

Baie kan ons in die donker dae ontneem word: ons geliefdes: man, vrou of kinders; al ons besittings wat ons met harde arbeid oor baie jare verwerf het; ons gesondheid of selfs ons lewe – maar nooit God se liefde in en deur Jesus Christus nie. Omdat God Self ons met die band van geloof en liefde aan Hom verbind het, kan dit nooit deurgesny word nie; inteendeel, die band word onder die voorsienige leiding van God steeds vaster en hegter totdat ons eenmaal altyd by die Here sal wees en voortdurend ongestoord sy liefde sal geniet.

So bring die geloof dat God in sy voorsienigheid alles onderhou en regeer volgens sy vaste raadsplan, rus en kalmte in my gemoed. Wat ook al gebeur, een ding weet ek vas en seker: Hy, die almagtige God wat om Christus ontwil my Vader is, sal my lei deur sy raad en my daarna in heerlikheid opneem.